# BOEKBESPREKING

deur

W. J. DE KOCK

*Uys, C. J.:* Paul Kruger van die Wieg tot die Graf. 'n Studie om vas te stel waar die President gebore is, met 'n hoofstuk oor wanopvattings omtrent sy lewe en werk. (Met 'n Voorwoord deur Haar Eks. Mev. M. M. Jansen) pp. 75. Prys 12/6. A.A. Balkema, Kaapstad, 1955.

PROF. UYS stel hom met hierdie Krugerstudie nie ten doel — soos mens uit die titel miskien mag aflei — om 'n biografie van Paul Kruger aan te bied nie. Wat hy voorlê, is alleen boustof van besondere waarde vir die groot biografie van Kruger wat ons nog nie besit nie.

Inderdaad wek die lees van 'n studie soos hierdie opnuut die beskamende besef dat daar 'n halfeeu na die dood van die grootste figuur wat die Afrikanervolk nog opgelewer het, nog geen wetenskaplik-verantwoorde lewensgeskiedenis van hom geskrywe is nie.

Van die President self het daar nog tydens sy leeftyd die outobiografiese „Gedenkschriften" verskyn wat deur H. C. Bredell, P. G. W. Grobler en Frederik Rompel opgeteken en uitgegee is, maar wat deur prof. Uys tereg as van weinig biografiese waarde beskou word. Daar is ook lewensketse van Kruger geskryf — verskeie nog tydens sy leeftyd — maar haas nooit is daar deeglik na argivale bronne gegryp nie. Die skryfwerk was in baie gevalle wat die skrywer van hierdie werk ook in die loop van sy betoog behandel, oorgelaat aan persone wat met meer haas as deeglikheid hulle „navorsing" verrig het en dan deur ander nageskryf of nagepraat is. So is daar dan sekere feite i.v.m. die lewe van president Kruger wat nog nie behoorlik ondersoek is nie maar algemeen aanvaar word, dikwels op gesag van 'n indrukwekkende beëdigde verklaring maar sonder behoorlike inagneming van die aanvaarbaarheid van die getuie self, en sonder dokumente-studie.

Dis dus gladnie verrassend dat 'n stelselmatige ondersoek na wat as feitlik vanselfsprekende Kruger-gegewens nog al die jare gegeld het, ongerymdhede aan die lig moes bring nie. En hier vind ons dan prof. Uys ywerig besig met wat die Amerikaners op so onvertaalbare wyse „de-bunking" noem. Hy klim met 'n hamer in die porseleinkas en hy

rig skade aan onder 'n hele aantal bestaande denkbeelde rakende die lewe van Kruger.

Eerstens die geboorteplek: met behulp van noukeurige studie van boedelstukke, plaas-aktes en opgaafverklarings word nie alleen die Kruger-stamregister veel vollediger gekonstrueer as wat tot dusver die geval was nie, maar word op oortuigende wyse die teorie onttroon dat óf Bulhoek (digby Steynsburg) óf Vaalbank (in die distrik Colesberg) die geboorteplek van Paul Kruger kon gewees het.

Hoofsaaklik op grond van 'n testament op 7 September 1825 deur die ouers van Paul Kruger onderteken, kom prof. Uys tot die slotsom dat die President se moeder ongeveer drie weke voor sy geboorte op die plaas Zoutpansdrift aan die Brakrivier ten weste van die huidige dorp Hofmeyr, vertoef het en dat haar seun Paul daar gebore is omdat daar geen getuienis te vind is dat sy na 7 September 1825 hierdie plaas verlaat het nóg dat daar enige aanleiding was waarom sy dit sou verlaat.

Vervolgens die geboortedatum: prof. Uys grond sy redenasie enkel en alleen op die oorspronklike inskrywing wat ds. J. Taylor in 1826 in die Cradockse doopregister gemaak het. Daarvolgens is die kind Stephanus Johannis Poúlús „geboren den 1 October 1825 gedoopt den 19 Maart 1826." Hoewel pres. Kruger self geglo het dat hy op 10 Oktober gebore was, lyk die getuienis van die doopregister (waarvan die betrokke gedeelte as faksimilee gereproduseer word) onomstootlik — tensy daar die een of ander bewys aangevoer kan word waarom ds. Taylor 'n foutiewe datum sou ingeskryf het.

As newe-produk van prof. Uys se ondersoek bied die werk vir die eerste keer 'n gedokumenteerde lewenskets van Elsie Francina Steyn, die moeder van die President.

In 'n „Nabetragting" wat (volgens verklaring van die skrywer self) eintlik nie veel met die hoofdoel van die werk te make het nie, word die volgende stellings gemaak: (1) dat Paul Kruger as seun nooit aan die Vegkop-slag deelgeneem het nie — sy vader se trek was nog aan Caledonrivier. (2) Kruger het ten tyde van die Sekoekoeni-veldtog in 1876 bepaald nie sy land in die steek gelaat nie omdat hy eerstens nie kommandant-generaal was nie, en voorts gedurende die hele tyd siek op sy plaas was. (3) Kruger was nie direk of indirek vir die Tweede Vryheidsoorlog verantwoordelik nie maar die uitbreek van vyandelikhede is verhaas deur die optrede van F. W. Reitz en die „jong Afrikaners": Smuts, Grobler en A. D. W. Wolmarans. (4) Dr. Leyds wat die opsteller was van die indrukwekkende Kruger-boodskap kom die eer toe vir die besielende inhoud daarvan — nie aan Kruger self nie. Die slotopmerkings

oor pres. Kruger se ervarings in Europa is enigsins onsamehangend en kon gevoeglik weggelaat gewees het.

Die vernaamste waarde van hierdie studie is die hegte getuienis wat oor die strydvraag aangaande Kruger se geboortedatum en geboorteplek gelewer is. Dit raak (sover dit die verering van die nagedagtenis van Paul Kruger betref) nie net die „Bulhoekers" en die „Vaalbankers" nie maar ook die toekomstige optrede van 'n liggaam soos die Historiese Monumentekommissie — en selfs van die regering.

Een feit staan vas: as prof. Uys se feite nie weerlê kan word nie, mag dit ook sekerlik nie veronagsaam word nie.

## 'N MOBIELE MUSEUM-SKEMA

deur

A. G. ROODT,

*Erasmus-hoërskool.*

SONDER om onderwysers te bind aan een of ander spesifieke metode wat betref die onderrig van geskiedenis, aanvaar ons almal die noodsaaklikheid van hulpmiddels ook by die onderrig van hierdie vak.

Een sodanige hulpmiddel is of besoeke aan 'n museum of die versameling van voorwerpe van historiese waarde en die opbou van 'n eie museum aan elke plaaslike skool.

Ons aanvaar ook die versekering dat baie laer- en hoërskole alreeds ver gevorder het in hierdie rigting deur hier 'n snuifdoos, daar 'n dokument, ginds 'n pyl en elders 'n patroon op te diep. Maar dit bly sporadies, onvolledig en weerspieël geen geheelbeeld van die voortgang van die geskiedenis nie. Snuifdose raak skaars en dokumente word opgevorder deur die argief sodat die oes jaarliks skraler word. Voeg nog hierby die snelle aanbou van nuwe skole en dan voorsien ons skrale moontlikhede vir sodanige skole om 'n museum op te bou wat enigsins die moeite werd is.

Wat be-oog ons? Ons be-oog 'n mobiele-museumskema net soos die mobiele-biblioteekskema. 'n Goedtoegeruste mobiele skema wat 'n geheelbeeld van die ontwikkelingsgang van ons geskiedenis sal aantoon. Met alle respek vir die een enkele patroon, die enkele kappie, ens. bly

dit nie alleen uiters onvolledig nie, maar kan dit verdraaide denkbeelde by die waarnemer skep.

Met so 'n skema, so stel ons ons voor, kan 'n geheelbeeld van die ontwikkelingsgang van ons kleredrag, skoeisel, wapens, huishoudelike implemente, ens. gerekonstrueer word.

Die praktiese uitvoering van so 'n skema behoort ook geen moeilikhede op te lewer nie. Die vervoermiddel kan in kompartemente verdeel en ingerig word vir die onderafdelings wat die belangrikste beskou word.

Ouers kan ook uitgenooi word om so 'n uitstalling by hulle skool te kom besigtig, en wie weet miskien oorreed so 'n skema hulle nog om 'n ou vertroetelde snuifdoos of dokument aan die skool af te staan!

Leerlinge sal ongetwyfeld meer baat vind by so 'n skema as die paar versamelde historiese voorwerpies wat in 'n donker kas êrens in die klaskamer weggesteek is.

En waar op die Pretoriase konferensie gepleit is vir 'n opsiener(s) vir geskiedenis is dit moontlik om die opsiener ook met die mobiele museumskema te belas. Dit is prakties en uitvoerbaar.

Graag verneem ons weloorwoë menings van kollegas.


**GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA**
**DELE I & II**

Onder Redaksie van A. J. H. v. d. Walt, J. A. Wiid, en A. L. Geyer.

'n Omvattende geskiedenis van Suid-Afrika wat in die behoeftes van sowel die gevorderde student as die groot publiek voorsien. Die eerste boek wat in die eerste band aangebied word, behandel die politieke geskiedenis.

In die tweede band word agtereenvolgens die ekonomiese en die konstitusionele ontwikkeling en die kleurbeleid van die land behandel, asook 'n beknopte oorsig van die kultuurstryd van die Afrikanervolk. Hierdie band bevat ook 'n omvangryke bibliografie en 'n naamregister vir die geheel.

**PRYS PER STEL: £4-12-0**

Bestel by die UITGEWERS
**Met beste wense vir die onderneming van:**

*Nasionale Boekhandel Bpk.*

T.O.-Gebou,
Simmondstraat,
Braamfontein.

Posbus 9898,
Johannesburg.

BARCLAYS BANK D.C.O.

wens die uitgewers van

„HISTORIA"

geluk met die eerste uitgawe

van hierdie tydskrif.

★

Barclays Bank kan homself met genoeë vereenselwig met die lofwaardige poging om ons vaderlandse geskiedenis in opvoedkundige inrigtings te laat herleef.

Ons eie geskiedenis is intiem verbonde aan die geskiedenis van Suid-Afrika en dateer terug uit die dae wat die ou Boere-republieke voorafgegaan het.

Ons sien met vertroue uit na die verdere ontwikkeling op alle terreine; orals staan Barclays gereed om by te dra en te dien.

BARCLAYS BANK D. C. O.

(GEREGISTREERDE HANDELSBANK)

WAARBY INGELYF IS

DIE NASIONALE BANK
VAN SUID-AFRIKA BEPERK

# Die Deure van . . .

## Die Volk se Universiteit




# STAAN VIR U OOP!

U, wat nie op skool of kollege verder kan gaan nie, MOENIE TELEURGESTELD EN ONTMOEDIG wees nie. In watter rigting u ookal wil opgaan: DIE HOOGSTE KWALIFIKASIES, DIE HOOGSTE GRADE EN DIE HOOGSTE POSTE is ook binne U bereik.

Die **VOLKS-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE VAN SUID-AFRIKA** sal u simpatiek lei . . . weg van die rotse van vertwyfeling, die afgrond van minderwaardigheid en die beknelling van 'n sukkelbestaan . . . . tot VOLWAARDIGHEID, MATERIËLE SUKSES en WERKLIKE LEWENSVREUGDE.

Wil u 'n verder SKOOLSERTIFIKAAT verwerf; 'n GRAAD, 'n HANDELS-DIPLOMA; of wil u 'n INDUSTRIËLE of TEGNIESE rigting opgaan? Wil u as flukse dogter op die drumpel van die romantiese 'n SKOONHEIDSKURSUS, of 'n kursus in HUISVERSIERING, NAALDWERK, KLEREMAKERY, e.d.m. volg?

**V.K.K. SAL U BESTE VRIEND BLYK TE WEES**

VUL ONDERSTAANDE KOEPON IN TEN EINDE VOLLEDIGE INLIGTING GRATIS TE ONTVANG

**Die Registrateur,**
**VOLKS-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE VAN S.A.,**
**Afd. His.(6/56), Posbus 7740, JOHANNESBURG.**

Verstrek asseblief aan my volledige besonderhede in verband

met die volgende kursus(se).................................................

NAAM..................................................................................

......................................

Ouderdom..................Laaste eksamen afgelê.

Teenswoordige beroep. ..................................................

**LET WEL! Vul asseblief al die besonderhede duidelik in ten einde te verhoed dat verkeerde inligting verstrek word. Potlood sal deug.**



Soos wat

**STEYNS** — *Die Ford Mekka*

setel in die Uitvoerende Hoofstad van die Unie van Suid-Afrika en steeds groei deur sy betroubare dienste, so glo die **DIREKSIE** sal **HISTORIA** op sy terrein diens lewer en van krag tot krag groei.

STEYNS
GARAGE EDMS. BPK.

FORD

Ook van hierdie firma kom die hartlikste gelukwense aan HISTORIA en sy stigters met hulle lofwaardige ideaal. Sonder 'n VERLEDE is daar geen TOEKOMS nie, want „wie zich een Toekomst scheppen wil, mag het Verledene niet uit het oog verliezen''.

---

U het in die verlede van

**NIEMANN EN LOUBSER**

**[EDMS.] BPK.**

net VRIENDELIKHEID en BELEEFDE DIENS gekry. So sal dit in die TOEKOMS wees.

---

★ As u dink aan die koop of verkoop van eiendom, veral plaaseiendom in TRANSVAAL, is daar vir u net een adres, naamlik

**VAN DER STELGEBOU PRETORIUSSTRAAT 185A**

**PRETORIA**

**Telefoon: 3-8051.**

**Tel. (na ure): Mnr. Loubser: 54925. Mnr. Niemann: 62116.**

AAN

# *Historia*

**HARTLIK GELUK MET DIE LOFWAARDIGE**

**STAP OM GESKIEDENIS TE LAAT**

**HERLEEF**

VAN: JOU VRIENDELIKE HANDELAARS:—

# CAPITAL MOTORS

**(EDMS.) BPK.**

**Tel. 2-0121** **PRETORIA** **Posbus 24**

AGENTE VIR:

- **VOLKSWAGEN**
- **STUDEBAKER**
- **FIAT**
- **LAMBRETTA- EN VICTORIA-BROMPONIES EN AFLEWERINGSFIETSE**
- **NORTON, JAMES, AERIEL EN HARLEY DAVIDSON**

# PIERRE HAARHOFF WEN BEURS VAN £1,800

## — en Transafrika se Goue Medalje vir die Beste Student van 1955!

Pierre Haarhoff, van Rustenburg, wat verlede jaar sewe onderskeidings in die Matriekeksamen behaal het, het verdere louere ingeoes toe hy onlangs 'n beurs van £1,800 van die Vacuum Oliemaatskappy ontvang het. Ongeveer 200 van verlede jaar se matrikulante het daarom meegeding. Die beurs word toegeken aan die beste leerling in Suid-Afrika. Pierre Haarhoff is nou in staat om ses jaar lank aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit te studeer.

Een van die vakke wat die deurslag gegee het, was Meganika, waarin hy onder die persoonlike leiding van Transafrika-dosent, mnr. J. D. Visser, 92.7% in die matriekeksamen behaal het.



*Mnr. A. S. Taylor (regs), skakelbeampte van die Vacuum Oliemaatskappy, wens Pierre Haarhoff geluk met die beurs wat hy ontvang het. Dr. J. A. Strauss en mnr. J. D. Visser verskyn op die agtergrond.*

Die Hoof van Transafrika Korrespondensie Kollege, dr. J. A. Strauss, het op sy beurt 'n goue medalje aan Pierre Haarhoff oorhandig, toe hy as die Kollege se beste student vir 1955 aangewys is.

Pierre Haarhoff sê: „Transafrika se lesings is opgestel deur mense met 'n grondige kennis van hul vak. Hulle is duidelik, beknop en maklik om in te studeer. En die simpatieke hulp en belangstelling van die dosente laat jou tuis voel, want hulle dra jou persoonlike belange op die hart. Enige student kan enige tyd by Transafrika instap om *persoonlike onderrig kosteloos te ontvang.* Dis juis hierdie unieke diens wat Transafrika-studente na sulke groot suksesse voer."

En dis nog 'n rede waarom Transafrika jaarliks die hoogste louere inoes. Moenie huiwer om u persoonlike probleme met dr. Strauss te kom bespreek nie. Hy sal u help om u studie te vergemaklik en u raad gee oor die kursus wat u in gedagte het. Transafrika met hul stelsel van persoonlike onderrig, sal die pad vir u oopmaak. Die Kollege bied opleiding in skool- en graadkursusse, regs- en diplomakursusse, taal- en handelskursusse, sowel as vormende kursusse vir die landbouer en die huisvrou.

# TRANSAFRIKA KORRESPONDENSIE KOLLEGE

**POSBUS 3512. JOHANNESBURG. FOON: 23-9168.**

VZOO-10467

# MAXWELL GOOD BPK.

Tel. 2-4281 Posbus 494

Schoemanstraat 275

PRETORIA

PLAASLIKE AGENTE VIR

★ *Bedford-vragwaens*

★ *Vauxhall*

★ *Pontiac*

Die tydskrif HISTORIA word hiermee 'n lang en vrugbare bestaan toegewens. Mag u lofwaardige poging goeie vrugte afwerp.

# „Neem uit die Verlede . . .”



- Ons verwelkom Historia en die lofwaardige poging om geskiedenis — as vak — in ere te herstel.
- ’n Grondige kennis van jou land se geskiedenis is ’n eerste vereiste vir volwaardige burgerskap.
- Ons Kollege het deur goeie diens, ’n deel van die Afrikaner se geskiedenis op opvoedkundige- en onderwysgebied geword.

en

- Is die trotse tuiste van elke vooruitstrewende Afrikaanse student.

**SOMMIGE VAN ONS KURSUSSE:**
Nasionale Eksamens, Standerds 6, 7, 8 en 10.
Matrikulasie-Vrystelling.
Snelskrif en Shorthand.
Tikskrif.
Boekhou Jun., Sen. en Diploma.
Chartered Institute of Sec.
Prosedure by vergaderings.
Latyn.
Duits.
Zulu
Motorwerktuigkunde.
Dieselwerktuigkunde.
Kleremakery en Koekversiering.
Kortverhale.
Skrywe vir kinders.
Skrywe vir die Radio.
Hoenderboerdery en Byeboerdery en nog talle ander.
(Tydens ’n onlangse Uniale eksamen van die Dept. van Unie-Onderwys, het een van ons studente die hoogste puntetal in geskiedenis behaal).

Rig alle navrae aan

**KORRESPONDENSIE SUKSES KOLLEGE**

(STIGTING VAN BOTHMA-KOLLEGE om in Taal- en Nasionale eksamens te spesialiseer).

**Posbus 8737 Johannesburg**

*Ons Studiegids sal met graagte aan belangstellendes gestuur word*

**Ons wens HISTORIA geluk met sy daadwerklike poging om die belangstelling van ons volk in die geskiedenis van ons land te laat herleef.**

★

Hoewel die geskiedenis van ons firma nog maar 21 jaar oud is weet ook ons dat slegs in 'n deeglike *kennis* van die verlede jy in staat is om dit wat goed is daaruit te neem om die toekoms op te bou. Dit is daarom ook die rede dat die publiek hulle steeds na ons wend vir die bevrediging van hulle behoeftes op die gebied van Klaviere, Radio's, Koelkaste, Wasmasjiene, ens.

**Century**

RADIO & TUBE CO. S.A. (PTY.) LTD.

Kerkstraat 240
Tel. 37411

Posbus 1289
Tel. Adres: All Wave
PRETORIA

*Die firma VAN SCHAIK, Uitgewers en Boekhandelaars, Pretoria, wil graag die uitgewers van HISTORIA gelukwens met die verskyning van hul eerste nommer.*

*As uitgewers besef ons wat dit beteken om so 'n tydskrif uit te gee.*

*Alle sukses toegewens.*

# WERKE VAN DR. G. D. SCHOLTZ

Geen private, openbare of skoolbiblioteek behoort sonder die volgende werke uit die pen van dr. G. D. Scholtz te wees nie:

| | (Posvry) |
|---|---|
| **Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms** | **17/3** |
| **S.A. en die Wêreldpolitiek 1652-1952** | **21/6** |
| **Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe** | **16/6** |
| **Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word** | **21/6** |
| **Oorsake van die 2e Vryheidsoorlog. Deel I** | **20/6** |
| **Oorsake van die 2e Vryheidsoorlog. Deel II** | **20/6** |
| **Die Rebellie** | **7/-** |

Die voorrade van hierdie boeke is beperk en dis nie waarskynlik dat van hulle weer gou herdruk sal word nie. U moet dadelik u aankope doen.

Almal is verkrygbaar van.

## Die Transvaler-Boekhandel

**Posbus 8124** **Johannesburg** **Tel. 44-9182**